CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

November 2008

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Deon Heydenrych	ZS1G	082-6539884
Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Jean Coetzee	ZS1HJC	083-2618589
Conradt Esterhuizen	ZS1ES	083-6296316
Raoul Coetzee	ZS1REC	082-4664327
Jan Van der Vyver	ZS1VDV	083-3795859
Douglas Defty	ZS1DUG	021-9436300

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM
Kom gesels saam op Sondagaande om 20:00 op 3670kHz

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na 'n BARK vergadering op Saterdag 6 Desember 2008 om 11:00 op die plaas Slot van die Paarl. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis vure aangesteek word. Klublede word versoek om alle sertifikate asook toekennings verwerf, saam te bring, vir vertoning. Die uitslag van die "Verbind en Vind" kompetisie sal ook daar aangekondig word. Moenie van die kattebak verkoping vergeet nie. Clyde, ZS1CS, sê hy bring sommer 'n hele vrag goedere. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA
Posadres: CQ Boland Posbus 273 STRAND 7139

VAN DIE VOORSITTER.

Hier is ons alweer by die laaste uitgawe van die jaar.

Die jaar kan nie verbygaan sonder om dankie te sê nie. Dankie aan die bestuur van BARK. Dankie aan die lojale lede wat gereeld vergaderings bywoon. Dankie aan almal wat agter die skerms BARK se wiele laat draai. Dankie aan almal wat deur die jaar aan BARK se aktiwiteite deelgeneem het. Dankie aan almal wat gereeld bulletins doen. Dankie aan almal wat so gereeld Sondag oggende op hul pos is om bulletins te herlei. Dankie vir almal wat gereeld inroep na BARK bulletins. Dankie aan almal wat bydraes vir CQ Boland geskryf het. Dankie aan almal wat so gereeld aan die kompetisies deelneem en BARK se naam hooghou. Dankie aan almal wat deur die jaar 'n ambassadeur vir BARK was.

BARK is definitief 'n wenner klub. Ons is tans die grootste Afrikaanse klub in die wêreld. Kom ons poog om nog lede vir ons klub te werf.

Geniet die Kersgety en bestuur asb versigtig. 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar aan u en u familie.

Johan, ZS1RX

VERBIND EN VIND RADIO-KOMPETISIE 2008

DATUM: 5/6 Desember 2008

BANDE: 80m (3,670); 40m (7.094) en 2m (145.650 en 145.700 herhalers)

TYD: Vrydag, 5 Desember 2008 18:00 tot 20:00

Saterdag, 6 Desember 2008 07:00 tot 09:00

REËLS:

Alle Boland Amateur Radio Klublede mag deelneem.

Daar is geen inskrywingsgeld nie.

Daar sal streng by bogenoemde tye en frekwensies gehou word.



Die tydperk word as volg ingedeel"

- Vrydag (18:00 tot 20:00) 4 tydperke van 0.5 uur elk.
- Saterdag (07:00 tot 09:00) 4 tydperke van 0.5 uur elk

Tydens hierdie totale 8 tydperke sal daar by een radiostasie in die Paarl area 'n radiobediener op elkeen van bogenoemde frekwensies beskikbaar wees.

Elkeen van hierdie radiobedieners sal die roepsein ZS1BAK **EN 'N AGTERVOEGSEL** gebruik.

AGTERVOEGSEL / LEIDRAAD

Die AGTERVOEGSEL/LEIDRAAD– 'n woord – verander streng elke halfuur op al 4 frekwensies.

Vorige tydperke se AGTERVOEGSEL/LEIDRADE sal nie herhaal word nie.

Aan die einde van die kompetisie het elke deelnemer dus 8 woorde/kriptiese leidrade wat hom/haar lei tot 'n bekende landmerk in Suid Afrika.

Wanneer die landmerk geïdentifiseer is, SMS jou ROEPSEIN en die LANDMERK na die volgende selnommer:

083 629 6316

Of skakel bogenoemde selnommer TUSSEN 09:00 en 10:00 en gee duidelik en stadig jou ROEPSEIN en LANDMERK byvoorbeeld: "Hierdie is ZS1ABC – Voortrekkermonument"

WIE WEN



Die eerste prys gaan aan die BARK-lid wie die naaste aan die ideaal (ingerapporteer tydens elk van die 8 tydperke op 40m, 80m, en EEN van die 2m frekwensies) en die **korrekte landmerk** telefonies of per SMS ingestuur het. Indien meer lede hierdie ideaal bereik sal 'n trekking plaasvind.

Stuur nogtans jou antwoord in al laat toestande op 'n sekere band jou nie toe om in te rapporteer nie. Die toestande kon alle deelnemers beïnvloed het.

Daar sal ook meer as een prys wees - ONTHOU OM TE KWALIFISEER MOET DIE LANDMERK WAT DEUR JOU geïdentifiseer IS VOOR 10:00 OP SATERDAG, 6 DESEMBER 2008 AAN SELNOMMER 083 629 6316 PER SMS OF TELEFONIES DEURGEGEE WORD.

"PIC" PROGRAMMEER KURSUS

John, ZS6EF sal op 14 Maart 2009 'n "PIC" programmerings kursus aanbied by Tygervallei. Die koste is: R435.00 vir 'n SARL Lid en R700.00 vir 'n nie lid. Bespreek asb by Johan, ZS1RX.

HAMNET WES KAAP

Deur Jean, ZS1HJC

HAMNET is bly om aan te kondig dat Bruce Robinson, ZS1FX as die nuwe Provinsiale Direkteur (Wes- Kaap) aangestel is vanaf die nuwe jaar. Hy volg Peter Globler, ZS1PSG op en ons wil vir Peter ook bedank vir sy bydrae die laaste paar jaar.

Hamnet het `n nuwe rigting en baie momentum vir die nuwe jaar. Ons wil ook alle lede bedank vir die verskillende hulp en die bywoning van opleiding. Ons

gaan voort met die opleidings plan nadat Willie van Rhyn, ZS1RV reeds `n begin kursus geopen het met Radio Prosedures.

Ons beplan `n lekker vol jaar vir 2009 maar wil dit bietjie vooruit en beter beplan so ver moontlik. As daar enige geleentheid is wat julle wil hê ons moet doen laat asb vroegtydig weet.

Daar sal `n skedule wees van verskillende mense(bystand Bestuurders) wat oor die kerstyd gaan bystaan. Hulle sal ook op Metro en WSAR se stelsel gelys wees. Indien daar enige iemand wat wil betrokke raak by HAMNET en by die huis sit en niks doen nie laat my gerus weet. Enige navrae oor HAMNET kontak my gerus

Geseënde Kerstyd vir julle en ook julle families, mag die Here julle almal seën en veilig terug bring.

73

BAKEN OP 80 METER

Deon, ZS1G berig dat John, ZS5J, het ‘n Baken opgesit het wat op 3.580 MHz uitsaai.

CQ HOU KOERS 2008

Deur Johan, ZS1RX

Vanjaar se CQ Hou Koers het plaasgevind op Saterdag 11 Oktober te

Lourensford, Somerset-Wes. Sewe amateurs van Boland het gehelp om die dag ‘n sukses te maak. Die amateurs was: Karl – ZS1KC, Jan – ZS1VDV, Francois – ZS1FAS, Deon – ZS1G, Johannes – ZR1RF, Danelle – ZU1DCM en die uwe Johan – ZS1RX. Die HF en BHF stasies was bedryf deur Jan en Francois en ons ander het kommunikasie aanbiedings vir die Voortrekkers gegee. Ek het demonstrasies gegee in die gebruik van Heliograwe.

Die Hoofleier van Die Voortrekkers se boodskap op HF was baie goed ontvang.

CQ Hou Koers het vanjaar saam geval met Die Voortrekkers se Wes-Kaap nagmars. Die lede van BARK en die LV's Alma, Belinda en Nelia het gehelp met die nagmars en van die kontrole punte beman. Gedurende die middag het ons die Nagmars roete gaan ry. Die roete was pragtig met berge en valleie. *Karl, ZS1KC, sê net dat 'n Land Rover baie stamperige sitplekke het.* Nodeloos om te sê dat die kommunikasie uitstekend was.

Die terugvoer van Die Voortrekkers was baie goed en die kinders het dit baie geniet.

Dankie aan almal wat gehelp het om hierdie twee geleenthede 'n sukses te maak.

KLUB PROJEK

Raoul, ZS1REC berig dat hy fluks vorder met die klub se projek. Lede van BARK behoort vroeg in 2009 met hierdie projek te kan begin. Die eerste projek is 'n koppelvlak tussen die rekenaar en radio om digitale kommunikasie te kan doen.

KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Karl, ZS1KC

EENVOUDIGE 20M DIPOOLANTENNA VIR VELDWERK

Hierdie antenna kom uit die CQ DL van 7/2001 en geen oorspronklikheid vir die skrywer word hiermee geïmpliseer nie. Dit is 'n eenvoudige 20m antenna wat vinnig en maklik vervaardig en opgesit kan word.

Die volgende materiale word benodig:

- Een stuk +/- 300mm lank en 50mm dia. PVC afvoerpyp.
- 2 Afsluitstukke vir die bo- en onderkant om die hanger aan vas te maak en waterdig te maak en onder om die SO259 in te huisves. Dié twee afsluitstukke pas binne-in die PVC-pyp. (Dis sulke doppe)

- ‘n Buisie PVC lym
- Fyn skuurpapier om oppervlaktes vir lym voor te berei.
- 10m “twin flex” soos wat u vir ‘n tafellampie sou gebruik. Dié draad se impedansie is naastenby 70 – 75 Ω.
- Twee porselein isolators vir die antenna se eindpunt-hegting. (Moet asseblief nie sommer tou direk aan die draad vasmaak nie – dit krap die hele SWR-ding deurmekaar!)
- ‘n Bietjie geduld en 1 uur tyd!!.

Gaan as volg te werk:

- Boor twee 2mm gaatjies REG OORMEKAAR, sowat sowat 20mm vanaf die een ent van die PVC-pyp en ‘n tweede 5mm gat sowat 25 mm vanaf dieselfde ent. ‘n Tweede 5mm gat word geboor sowat 25 mm vanaf die ander ent van die pyp. (Raadpleeg foto vir detail)
- Neem die “twin flex” en trek presies 5,4m daarvan uitmekaar. Neem ‘n klein bandjie (cable tie) om te voorkom dat dit verder vanmekaar losskeur.
- Voer die twee enkeldrade nou vanaf binne in die PVC-pyp na buite. Dis die twee bene van die dipool. Heg die porselein-isolators aan beide ente.

- Neem die orige “twin flex” en voer dit van binne na buite deur die boonste 5mm gat.



- Draai dié draad nou styf teenmekaar om die buitekant van die pyp totdat slegs ‘n kort deel daarvan oor is wat deur die 5mm gat na binne gevoer word. Gebruik “cable ties” om die windings in plek te hou.
- Maak ‘n gat in .stuk waardeur

die SO259 pas en skroef dit aan die sok stewig. Dié SO 239 moet ene wees met 'n flens wat voorkom dat dit in die rondte sal draai. Voer die orige draad deur die tweede 5mm gat na binne. Soldeer die twee eindpunte van die "flex"-draad aan die SO259 vas. As u nou die afsluitstuk onderstebo in die pyp indruk word die SO259 sommer ook teen nattigheid beskut.

- Lym die boonste en onderste afsluitstukke deeglik in die PVC-pyp vas. Sorg dat die vlakke olievry is en effe grof geskuur is sodat die PVC-lym 'n byt daaraan kan kry. Laat droog vir die voorgeskrewe tyd.

Hang die antenna op en toets die SGV. ***GEEN BALUN WORD GEBRUIK NIE***!!!

Pas die lengtes van die twee bene van die dipool aan vir die laagste SWR. My antenna se SGV is 1:1.2

Die bandwydte is besonders goed, myne kon gemaklik die hele oudio gedeelte van die 20m band dek.

U kan 'n multi-dipool daarvan maak deurdat u bv twee ekstra drade daaraan vassoldeer.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 6 DESEMBER 2008

Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 6 Desember 2008, op die plaas Slot van die Paarl te Agter-Paarl. Olivier, ZS1OLI is ons gasheer.

As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klapmuts/Wellington afrit. Dit is die R44. Die R44 raak later 'n dubbelbaan. Hou aan tot by die Noord Agter-Paarl Koelkamer. Draai daar links. Maak seker dat u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So 'n kilometer verder sal u die afdraai links na die plaas vind. Die plaas se naam is "Die Slot van die Paarl". U sal sommer gou die antennas sien. Volg die pad tot by die antennas.



Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler.

Onthou die tema van hierdie vergadering is sertifikate en toekennings. Lede word versoek om alle sertifikate asook toekennings verwerf, saam te bring, vir vertoning by die vergadering.

GOEIE RADIO PROSEDURES VIR NOOD KOMMUNIKASIE

Deur Jan, ZS1VDV

Check that the RadioSet is prepared for operation

- VHF HandHelds – always ensure that the battery is charged and have a spare available. Check antenna is attached.
- HF Mobiles/Base – Check power supplies regularly. Check cable connections i.e. antenna, power supply, microphone.

Transmitting

- Decide beforehand what you are going to say, ensuring that it will be clear and concise. Make notes if necessary.
- Check that no-one else is speaking on the net before you start.
- Avoid excessive calling. Calling again too soon after the original call may corrupt an incoming reply from the called station. The called station may be able to hear you but be unable to reply, or you may not hear their reply. Make one last call starting NIL HEARD. The other station can then call you back when they are in a better position to do so.
- If your massage is long, divide it into sensible phrases, pause to allow your message to be understood (and written down if necessary) while maintaining a natural rhythm.
- Use standard pronunciation. Emphasize vowels sufficiently. Avoid extremes of pitch, do not let your voice drop at the end of a sentence. Speak in a moderately strong voice but do not shout as this will distort the signal.

- Hold the microphone at about 5cm from your lips while speaking. Shield the microphone from background noises.
- Be aware that everything that you say can be heard by anyone using a radio receiver on the same frequency. Depending on the situation in

the country of operations, it may be wise to use simple codes (e.g. alphanumeric codes for locations, cal signs for names, etc.)

- Ensure that each user on the network is registered on a master list held by the Radio Room, and that any unauthorized call signs heard on the net are noted and the users (if known) are properly registered or informed that they do not have permission to use the network.
- NEVER transmit military or other confidential information on amateur network. Doing so could seriously jeopardize telecommunications and may result in the withdrawal of permission to operate, or confiscation of the station by the competent authorities.

Procedure Words

The following "Prowords" and "Phrases" have been well established by other services and should be adopted for amateur use in emergency communication.

Pro Word	**Meaning**
Acknowledge	Confirm that you have received my message and will comply (WILCO)
Affirmative Negative	Yes/Correct No/Incorrect
All after All before	Everything that you (I) transmitted after…. Everything that you (I) transmitted before….
Break – Break – Break!	All station will immediately cease transmission on hearing that Pro word. The station BREAKing has urgent life-saving message. Only to be used in EXTREME emergency.
Correct Correction Wrong	You are correct The correct version is… Your last transmission was incorrect; the correct version is….
Disregard this transmission – out	This transmission is an error, disregard it.
Do not answer – out Figures	Station(s) called are not to answer this call, acknowledge this message, or to transmit in connection with this transmission Numbers follow (in message)
Message Message follows	I have an informal message for you I have a formal message which should be recorded (e.g.) written down

Over	I have finished my turn. A response is expected. Go ahead, transmit
Out	I have finished my transmission No reply is expected (**Over** and **Out** are **never** used together)
Out to you	I have nothing more for you, do not reply, I shall now call another station on the net
Read back	Read back the following message to me exactly as received
I read back	The following is my reply to your request to read back
Relay to…	Transmit the following message to all addressees or to the address immediately following
Relay through	Send this message by way of call sign….
Say again	Repeat all of your last transmission
Say again all	Repeat portion of message indicated
(word) after (before)	
I say again	I am repeating my transmission or portion indicated
Send	Go ahead with your transmission
Send your message	Go ahead, I am ready to copy
Silence –	Cease all transmission immediately
Silence – Silence!	Will be maintained until lifted (Used by Network Control Operator)
Silence lifted	Silence is lifted. Net is free for traffic
Speak slower	Adjust the speed of your transmission
Faster	
I spell	I shall spell the next word phonetically
Through me	I am in contact with the station your are calling, I can act as a relay station
Message passed to…	Your message has been passed to…
Unknown station	The identity of the station calling or with whom I am attempting to establish communication is unknown
Verify	Verify entire message (or portion indicated) with the originator and send correct version. To be used only at discretion of or by the addressee to which the questioned message was
I verify	That which follows has been verified at your request and is repeated. To be sued only as a reply to **verify**
Wait	I must pause for a few seconds
(wait – wait)	
Wait out	I must pause longer than some seconds, and will call you again when ready

Word after… World before	The word of the message to which I refer is that which follows… The word of the message to which I refer is that which follows…
Words twice	Communication is difficult Transmit (ting) each phrase twice

MAKLIKE KERSKOEK RESEPPIE

(Hierdie is die maklikste resep ooit!)

Bestanddele:

1 Koppie Water
1 Teelepel Koeksoda
1 Koppie Suiker
1 Teelepel Sout
1 Koppie Bruin Suiker

Suurlemoensap
4 Groot Eiers
Neute
1 Bottel Brandewyn
2 Koppies droë Vrugte

Metode:

1. Proe die Brandewyn om die gehalte te toets.
2. Neem 'n groot mengbak en proe die Brandewyn.
3. Maak seker dis die beste gehalte, skink een koppie vol en drink dit. Herhaal.
4. Skakel die menger aan. Klits een koppie botter in 'n donsige bak.
5. Voeg 'n teelepel suiker by. Klits weer.
6. Maak seker die Brandwyn is sjteeds goed.
7. Drink nog 'n koppie vir die wis en onwis.
8. Skakel die menger af.
9. Breek twee eiers, gooi dit en die droëvrugte by. Tel die vrugte van die vloer af op. Meng die skakelaar aan.

10. As die droëvrugte vassjit, sjkroewedraaier dit losj.

11. Proe die Brandewyn vir gifterigheid. Sif nou twee koppies sout of so iets. Wie gee om? Proe die Brandewyn. Sif die suurlemoenspa, dreineer die neuter en gooi 'n tafel by.
12. Dan een lepel sjuiker, of sjo ietsj. Wat jy ook al kan kry.
13. Smjeer die oond. Draai die koekpan 360□ en moenie val nie.
14. Menger die afskakel.
15. Gooi die bak deurrie venster en drunkie laasjte Brandewyn op.

Gekersde Seënfees!

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 4 OKTOBER 2008

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering het plaasgevind in die Strand by die Ruimte Nasorg sentrum.

Alma het R5,00 uit almal se sakke gejaag met die lootjies wat sy verkoop.

Leon, ZS1MM het ‘n ou BARK-Siekeboegradio aan die lede kom vertoon en dié se geskiedenis vertel. As ‘n lid van Tak Boland in die Hospitaal was, het die tak hierdie radio vir hom geleen sodat hy met sy mede amateurs kon kommunikeer.

Oom Frans Byleveld, ZS1RF, ‘n stigterslid van Tak Boland, het ‘n paar staaltjies uit die begin jare van Tak Boland vertel. Ons het behoorlik aan sy lippe gehang. Dankie oom Frans.

BARK was eers Tak Boland.

Oom Frans, ZS1RF

Die vergadering na die vergadering. Jan – ZS1VDV, Francois – ZS1FAS, Johannes – ZS1RF, Herman – ZR1HM en Kobus ZS1K

Die amptelike oorhandiging van die handradio wat deur Letsplay Radio geborg was vir die BARK 40 meter kompetisie het ook plaasgevind. Kobus, ZS1K, het die oorhandiging aan Tiffany – ZU1PPG, die trotse wenner, gedoen. Kobus het weer 'n handradio beloof vir die hoogste ZU-punt vir die komende eksamen.

Na die vergadering het die braaivleis vure begin brand en almal het lekker gesellig verkeer.

Die volgende 43 persone het die teenwoordigheidslys geteken:

AUCAMP, JOHAN ZS1GP
BARNARD, TAS ZR1TAS
BYLEVELD, FRANS ZS1RF
CANITZ, KARL ZS1KC
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
COETZEE, RAOUL ZS1REC
CONRADIE, KOBUS ZS1K
DA SILVA, FRED ZS1ZV
DE JAGER, PIETER ZS1SD
DE JAGER, TIFFANY ZU1PPG
DE KLERK, VIVIAN ZU1VIV
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DE VILLIERS, PATRICIA
DEFTY, DOUG ZS1DUG
DU TOIT, LYNNE
DU TOIT, REG ZS1ADC
ERASMUS, LOURENS ZS1BFE
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
GREEFF, FRED ZS1AS
GREYLING, THEUNS ZR1ROM
HAARHOFF, JOE ZS1AAB
HAARHOFF, RINA
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
HYMAN, CLYDE ZS1CS
JENDRISSEK, PETER ZS1JX
KORKIE, LEON ZS1MM
LE ROUX, ALMA
LE ROUX, JOHAN ZS1RX
LE ROUX, JOHANNES ZR1RF
MATHEE, HERMAN ZR1HM
MOMBERG, DANELLE ZU1DCM
SADIE, BENNA ZS1PBS
SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
SMITH, ALEX ZS1L
STEYN, FRANCOIS ZS1FAS
SWART, DANIEL ZS3DS
VAN DER VYVER, JAN ZS1VDV
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VENTER, JACOB
VERSTER, PHILIP ZS1DV
VERSTER, RHYAN ZS1AJ
VILJOEN, PIETER ZS1PW

RAE, OKTOBER 2008

Baie geluk aan die kandidate wat die Oktober RAE geslaag het. Mag julle net plesier uit die stokperdjie verkry. Twee van hierdie kandidate, Herman, ZR1HM en Ryan ZS1AJ het ons vorige BARK vergadering bygewoon. Ryan is 13 jaar oud. As u van die Oktober kandidate ken is u welkom om hulle uit te nooi na ons volgende vergadering.

SARL AJV

Die volgende SARL AJV vind volgende jaar in die Kaap plaas. Kom ons ondersteun hierdie geleentheid.

LY EK AAN ‘N VREEMDE SIEKTE?

Deur Douglas, ZS1DUG

Hier is iets wat ek graag wil vra. En die rede ek dit vra is ek wil graag weet of ek 'n "siekte" het, of die "siekte" redelik algemeen is tussen radio amateurs, of dit ooit sal weggaan, of daar regtig 'n wil is om ontslae te raak hiervan.?

"En die "siekte" is" vra julle....?

Wel, as ek nou so twee jaar terug dink toe ek en 'n klomp ander ouens (en dame) in Karl (ZS1KC) se klas gesit het en gehoop ons kom deur. Op daardie stadium het ek (en Con ZS1ES) gedink ons was nou baie goed toegerus toe ons elk een so tweedehandse Kenwood handy gekoop het. kommersiële radio wat ons laat programmeer het. Ek meen, wat meer het ons nodig gehad en dalk EEN DAG sou ons 'n HF stel bekom.

Nou ja, ek sit nou in my hok (ja, ek is uit die huis uit gejaag as gevolg van my "siekte") en kyk na die aantal toerusting wat in 2 jaar opgebou het. Neem kennis, ek beskou nooit iets as "junk" nie, maar liewer iets wat "in excess of my immediate needs" is. Mense, hier sit goeters wat ek nooit in my lewe sou dink sal ek besit of ooit kon gebruik nie. Van homebrew toerusting tot HF stele tot toerusting om mee ander toerusting te toets. En die dryf en passie hou net nie op nie.

Dus kom ek tot my oorspronklike vraag. Is ek alleen? Het ek behandeling nodig? Indien julle saam stem dat ek oraait is en dit normaal is, moet julle asseblief my vrou skakel en haar gerus stel en haar verseker dat ek normaal is.

Dankie vir hierdie uitstekende stokperdjie!!

Groetnis

BARK KLETSKAMER – NOG ‘N SUKSES STORIE

Deur Johan, ZS1RX

So ‘n paar maande gelede is die BARK kletskamer gestig. Die kletskamer se gewildheid het toegeneem en tans is daar ‘n gemiddeld van so 10 Amateurs en belangstellendes in die kamer. Die doel van die kamer is om te gesels oor dinge van belang vir BARKers, maar dit is ook ‘n geweldige bron van kennis. As u erns vashaak en ‘n probleem het met radio’s, rekenaars ens is die kanse goed dat u ‘n oplossing in die BARK kletskamer gaan kry.

U kan die kletskamer binnegaan via ons webwerf of die prosedures volg in: http://zs1rx.co.za/bark. Roepseine wat gereeld in die kamer is: ZS1RX, ZS1G, ZS1FAS, ZS1VDV, ZS1BOB, ZR1RF, ZR1MH en ZR1VR

VAN Boland Amateurradio klub
Posbus 273
STRAND
7139